Anne Pienaar Gedenk (VGK) Primêr

Posbus 225
Malmesbury
7300

Tel/Faks: 022-482 2051
e-pos adres: admin@annepienaarps.wcape.school.za

Tuiswerkbeleid

Inleiding:

Huiswerk maak deel uit van die onderrig- en leeraktiwiteite op skool en vereis doeltreffende bestuur deur opvoeders, prinsipale, ouers en leerders. Indien huiswerk doeltreffend bestuur word en gepaard gaan met deeglike en gekoördineerde beplanning, leiding en kontrole deur alle betrokkenes, behoort dit nie ‘n las te wees vir die leerder, die opvoeder of die ouers nie. Gekoördineerde beplanning en bestuur van huiswerk waarby die hele skool betrokke, is behoort te verhoed dat daar ‘n oorbelading van take vir die leerder sal wees.

Definisie:

Onder huiswerk kan verstaan word die take buite die klaskamer waarvoor leerders opdragte van die onderwyser ontvang, wat as ‘n verlenging van die klaskamerwerk dien en wat tot hulle leeraktiwiteit sal bydra. Huiswerk kan ook gesien word as deel van die vennootskap tussen huis en skool waar die leerder se leer en ontwikkeling ondersteun word.

Beredenering:

Huiswerktake help om leer in die klaskamer te komplementeer en in te skerp, om goeie lewenslange leer- en studiegewoontes te vestig, en verskaf ‘n geleentheid vir leerders om vir hulle eie leer verantwoordelik te wees. Ouderdom- en ontwikkelingsgepaste huiswerktake en ouerlike belangstelling behoort te help om die leerder se leer te verbeter.

Huiswerk kan die band tussen die huis en die skool verstewig deur die ouers op ‘n betekenisvolle manier by hulle kinders se opvoeding te betrek.

Huiswerktake behoort kinders nie te verhoed om deel te neem aan naskoolse aktiwiteite wat leerders se vaardighede, belangstelling en talente verbeter, soos atletiek, musiek en dans nie.

Die doel van hierdie riglyne:

Dit is ‘n instrument vir die effektiewe bestuur van huiswerk in skole. Dit is bedoel om skole te begelei ten opsigte van die hoeveelheid en aard van huiswerk binne die huidige uitkomsgebaseerde kurrikulumraamwerk en om skole te begelei in die ontwikkeling van ‘n geskikte huiwerkbeleid.

Die verskillende soorte huiswerktake:

Die volgende soorte word aanbeveel:

- Inoefeningtake:
  Bv. lees vir ouers, die vind van voorbeelde van nuwe kennis in die praktyk en verdere ondersoek na onderwerpe wat in die klas bespreek is.

- Voorbereidingstake:
  Bv. lees van tekste as voorbereiding vir die volgende dag se klas en die lees van navorsingsverwante artikels.

- Uitbreidingstake:
  Bv. langtermyn opdragte of spesiale projekte wat die geleentheid bied om navorsingsvaardighede te ontwikkel en te verfyn, asook die vermoë om onfafhanklik te werk, terwyl vorige leer toegepas word.

- Die WKOD se werkboeke word ook vir tuiswerk gebruik.

Huiswerk binne die konteks van Uitkomsgebaseerde Onderwys (UGO) en die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (HNKV):

Die doel van die huiswerktaak sal afhang van die leerarea en die besondere graad van die leerder.

Die take moet uiteindelik die leerders help om die kennis, vaardighede, selfvertroue en motivering te ontwikkel om doeltreffend op hulle eie te studeer, wat belangrik is vir lewenslange leer.

Grondslagfase – Lees gereeld saam met ouers en oefen vaardighede wat in die klas onderrig is. Jonger leerders mag meer bystand van ouers benodig om huiswerktake te voltooi, maar hulle behoort geleidelik ‘n onafhanklike benadering te ontwikkel na gelang hulle deur die grade op skool beweeg.

Intermediêre Fase – ‘n Kombinasie van take wat daarop fokus om nuwe vaardighede in te oefen en met nuwe kennis op ‘n onafhanklike vlak om te gaan.

Senior en VOO-fase – Take wat insluit die versameling van inligting, mondelinge en geskrewe take en onafhanklike studie; voorbereiding vir ‘n volgende les of die toepassing van vaardighede, bv. verwysingsmateriaal of om aan ‘n projek te werk.

Belangrike oorwegings:

Die bedoeling van huiswerk moet wees om klaskamerleer uit te brei en in te skerp en om basiese vaardighede en kennis te konsolideer, en behoort uiteindelik daartoe te lei dat ‘n onafhanklike tuisstudieroetine ontwikkel word.

Maak seker dat ‘n redelike getal en verskeidenheid van take wat pas by die ouderdom en ontwikkeling van die leerders aan hulle gegee word.

Die voltooiing van werkvelle as huiswerktake behoort nie aangemoedig te word nie.

Neem die leerder se tuisverantwoordelikhede en buitemuurse aktiwiteite in ag wanneer huiswerktake beplan word.

Dink aan die beskikbaarheid van bronne en biblioteke, veral in verafgeleë gebiede, vir die voltooiing van sekere soort take.

Alternatiewelik behoort ‘n skoolbronnesentrum of biblioteek tot stand gebring te word om die nodige bronne vir leerders in verafgeleë landelike gebiede te verskaf.

Leerders moet verantwoordelikheid neem vir die voltooiing van hulle huiwerktake, maar kan deur hulle ouers gemotiveer en ondersteun word.

Huiswerktake moet geassesseer word en daar moet gereeld terugvoering aan die leerders gegee word.

Tye wat huiswerk aanbeveel word:

Die verantwoordelikheid vir huiswerk moet geleidelik toeneem na gelang leerders deur die verskillende grade op skool vorder:

Volgens navorsing word ongeveer tien minute huiswerk per dag aanbeveel, beginnende in graad een met tien minute bygevoeg vir elke graad.

Die volgende tye word vir die toewysing van huiswerk voorgestel:

- Leerders in die Grondslagfase: 10 minute (graad 1) – 30 minute maksimum (graad 3) in totaal.
- Leerders in die Intermediêre Fase: 40 tot 60 minute maksimum in totaal.
- Leerders in die Senior Fase: 70 tot 90 minute maksimum in totaal.
- Leerders in die VOO-fase: 100 tot 180 minute maksimum in totaal.

Alhoewel bogenoemde tye vir huiswerk voorgestel word, moet dit beklemtoon word dat dit in ag geneem moet word dat daar leerders mag wees wat meer tyd benodig om take te voltooi as gevolg van sekere uitdagings waarmee hulle te kampe mag hê.

Doel:

Die missie en doel van die tuiswerkbeleid is:

- Om ‘n leerder se begrip te toets oor werk wat gedoen was.
- Om leerders selfstandig en verantwoordelik te maak.
- Om selfwerksaamheid aan te moedig en ook om leerders te lei om ‘n taak onafhanklik te kan verrig.
- Dis ‘n kontrolemeganisme vir die opvoeders om te bepaal watter leerders aandag en hulp nodig het.
- Om leerlinge te leer om te alle tye pligsgetrou te wees en om netheid te bevorder.
- Om leerders toe te rus met lewensbelangrike vaardighede wat hy/sy in die toekoms mag nodig kry, bv. blootstelling aan naslaan en navorsing.
- Om pro-aktief op te tree met betrekking tot klaswerk.

Ouerbetrokkenheid by tuiswerk:

- Daar moet vooraf met ouers gekonsulteer word oor wat die tuiswerkbeleid van die skool behels.
- Gereelde kontak tussen ouer en opvoeder moet geskied om te bepaal tot watter mate die ouer betrokke moet wees met betrekking tot hulpverlening by tuiswerk, bv. verkryging van bronne en materiaal vir opdragte, ens.
- Ouers moet ‘n diep belangstelling toon in hulle kind se tuiswerk en ook die verantwoordelikheid dra van die uitvoer van die kind se tuiswerk.
- Indien die ouer ongeletterd is, moet ‘n familielid instaan om die leerder te help.
- Ouers moet tuiswerkboeke vir die leerders aanskaf.

Implementering van Tuiswerkbeleid:

- Tuiswerk wat nie gedoen word nie, word as ‘n oortreding beskou en tuiswerk wat wel gedoen word kan beloon word.
- Uitsonderings in spesiale gevalle soos siekte, dood en ander onvoorsiene omstandighede sal in ag geneem word.
- Daar moet tyd afgestaan word vir die nasien van tuiswerk.
- Indien tuiswerk nie gedoen is nie:
    - Stel vas wat die rede is.
    - Opsetlike nie-uitvoering: Eerste keer – Een waarskuwing
Tweede keer – Brief aan ouer
Derde keer – Ouer word ingeroep

Implementering in grade:

- Daar moet noue samewerking tussen ouer en opvoeder wees.
- Die opvoeder moet ‘n leidende rol speel by tuiswerk in die klas.
- Die volume en vlak van tuiswerk is belangrik.

Leerders se verantwoordelikheid ten opsigte van tuiswerk:

- Elke leerder moet ‘n spesiale tuiswerkboek in sy besit hê waarin sy/hy elke dag se tuiswerk aanteken.
- Dit bly die leerder se verantwoordelikheid om te sorg dat elke dag se tuiswerk korrek afgeskryf word.
- Dit bly die leerder se verantwoordelikheid om te sorg dat sy/haar tuiswerkboek ook onderteken word deur sy/haar ouers.
- Dit is die leerder se verantwoordelikheid om te sorg dat sy/haar tuiswerkboek in ‘n goeie toestand gehou word.

Geteken:

Me. A. Abrahams
Voorsitter: Beheerliggaam

Datum: